

## 'n Stringetjie blou krale

LORRAINE MATHEWSON

Goodwood Leeskring

**E**KM Dido, skrywer van 'n *Stringetjie blou krale* het self die bespreking by Goodwood se leeskring geleë. Volgens haar het sy die gedagte vir die boek gekry tydens 'n besoek aan 'n museum in Nederland terwyl sy na antieke horlosies gekyk het. Sy het 'n identiteitskrisis beleef. Haar oupa was van Duitsland, maar indien sy na die vorm van haar oë gekyk het, kon sy ook Chinese bloed hê. Sy het in trane uitgebars toe sy besef dat sy in der waarheid 'n Suid-Afrikaner is. Die boek is hoofsaaklik in haar kop geformuleer. Vir die eerste keer het sy 'n boek op 'n rekenaar geskryf en toe sy die boek die dag klaar maak, het sy haar hande die lug ingegooi, haar hande afgebring op die sleutelbord en die hele boek uitgevee! 'n Hele een en 'n half jaar se werk was daarmee heen en sy moes van voor af die boek skryf - en wie weet, dalk het die tweede skryf 'n beter boek tot gevolg gehad!

Die onderlinge tema van die boek is die haat (afguns) tussen swart en bruin. Die boek is nie outobiografie van aard nie, alhoewel daar raak elemente uit haar jong dae is. Sy self het grootgeword op Tsomo in die Transkei en vandaar haar kennis van die Xhosa se kultuur. Sy



was in 'n Rooms-Katolieke skool en die nonne het by haar 'n liefde vir lees gekweek.

Haar eerste boek, **Die storie van Monica Pieters**, is aanvanklik begin as 'n brief in Engels aan 'n koerant oor die situasie in die land soos sy dit daaglik waargeneem het. Sy het ure voor haar tikmasjien gesit om alles wat in haar hart was, weer te gee. Toe sy dit na die uitgewers neem, het hulle haar gevra om dit in Afrikaans oor te skryf.

Op 'n vraag van lede oor hoe die mense in haar omgewing oor haar

skryftalent voel, het sy lekker gelag. Skynbaar kan of wil hulle nie haar sukses erken nie. Een buurman het haar eenkeer na die televisiekamera's daar weg is, gevra watter boerpot het sy nou weer gewen!

Dido het ook vrae rondom die swart kultuur wat leeskringlede gehad het, beantwoord. Sy weier volstrek om haar volle name te verstrek en het ook die hele sage ten opsigte van haar doopname en haar renons daaraan vertel.

Dit was voorwaar 'n ervaring om met die skrywer te gesels en die leeskring het haar moeilik laat gaan.